

PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES

NO. R. 34

30 July 2021



by the
PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA

**SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996:
REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT:
DEPARTMENT OF WATER AND SANITATION**

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) (hereinafter referred to as "the Act"), have been made in respect of the affairs of the Department of Water and Sanitation (hereinafter referred to as "the Department");

AND WHEREAS the Department or the State may have suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule, in respect of the Department, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the Department;
- (b) improper or unlawful conduct by officials or employees of the Department;

- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;
- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;
- (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were committed in connection with the affairs of the Department; or
- (g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,

which took place between 1 January 2012 and the date of publication of the Proclamation or which took place prior to 1 January 2012 or after the date of publication of the Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of the Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by the Department or the State, in relation to the said matters in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Johannesburg this 19 day of July Two thousand and twenty one.


President

By Order of the President-in-Cabinet:


Minister of the Cabinet

SCHEDULE

1. The procurement of, contracting and implementation of Information Technology in respect of contract numbers –

- (a) WP 0538;
- (b) 1/2/4/233/2014/15 FINANCE/MANAHANO;
- (c) 1/2/4/241/2015/16 INFORMATION TECHNOLOGY/MIHLOTI; and
- (d) 1/2/4/36/2016/17 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT /MIHLOTI,

by the Department in a manner that was—

- (i) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective; or
- (ii) contrary to applicable—
 - (aa) legislation;
 - (bb) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury; or
 - (cc) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of, or applicable to the Department,

and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the Department.

2. Any unlawful or improper conduct by—

- (a) officials or employees of the Department;
- (b) directors, employees or agents of applicable service providers; or
- (c) any other person or entity,

in relation to the allegations set out in paragraph 1 of this Schedule.



PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID AFRIKA

**WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996:
VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA BESTAANDE SPESIALE
ONDERSOEKEENHEID: DEPARTEMENT VAN WATER EN SANITASIE**

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenheede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996) (hierna na verwys as "die Wet"), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Departement van Water en Sanitasie (hierna verwys as "die Departement");

EN AANGESIEN die Departement of die Staat verliese geely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word,

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleenthede in die Bylae vermeld ten opsigte van die Departement, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleenthede, die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Departement;
- (b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur beamptes of werknemers van die


Departement;

- (c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
- (d) onwettige, onreëmatige of nie-goedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of nalatige verlies van publieke geld of skade aan publieke eiendom;
- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe gepleeg is in verband met die sake van die Departement; of
- (g) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 Januarie 2012 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 1 Januarie 2012 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekendeheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Departement of die Staat gely is.


Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Johannesburg op hede die 19^{de} dag van Julie Twee duisend-en-een-en-twintig.

President



Op las van die President-in-Kabinet

Minister van die Kabinet



BYLAE

1. Die verkryging van, kontraktering en implementering van Inligtingstegnologie ten opsigte van kontraknommers—

- (a) WP 0538;
- (b) 1/2/4/233/2014/15/ FINANSIES/MANAHANO;
- (c) 1/2/4/241/2015/16/ INLIGTINGSTEGNOLOGIE/MIHLOTI; en
- (d) 1/2/4/36/2016/17/VOORSIENINGSBESTUUR/MIHLOTI,

deur die Departement op 'n wyse wat—

- (i) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik of koste-effektief was nie; of
- (ii) strydig was met toepaslike—
 - (aa) wetgewing;
 - (bb) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendskrywes of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie uitgevaardig is; of
 - (cc) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Departement van toepassing is,

en enige verwante ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste uitgawes wat aangegaan is deur die Departement.

2. Enige onwettige of onbehoorlike gedrag deur—

- (a) beamptes of werknemers van die Departement;
- (b) direkteure, werknemers of agente van toepaslike diensverskaffers; of
- (c) enige ander persoon of entiteit,

met betrekking tot die bewerings uiteengesit in paragraaf 1 van hierdie Bylae.